

Universiteit van Pretoria

**“VREES DAT DIE WONDERBOOM
SAL ...(VAL?)” – (J.C. STEYN)**

“VREES DAT DIE WONDERBOOM SAL ...(VAL?)” – (J.C. STEYN)

PROF RÉNA PRETORIUS

Intreerede gelewer op 16 Junie 1983 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Afrikaans, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, aan die Universiteit van Pretoria

Toe Christus as kruiseling tussen aarde en hemel hang, het hy in sy sterwens-oomblikke te midde van 'n apokaliptiese duisternis oor die hele land, biddend gekla:

Eloï, Eloï, lamma sabagtáni (Markus 15:34).

Die woorde is om verskeie redes van onmeetbare betekenis.

Dit is merkwaardig dat hierdie roep tot God vanuit die diepte van sy lyding en isolasie nie geskied in die Hebreeuse kerklike taal nie, ook nie in die destyds geëerde wêreldtaal Grieks nie: hy prát met God, sy Vader, in Aramees, die spreektaal: sy *moedertaal*.

Nog merkwaardiger is die feit dat hierdie woorde 'n verwysing is na Psalm 22, 'n *Hebreeuse* psalm van die digter Dawid, wat dus beteken dat Christus in sy sterwensnood hartswoorde-in-'n-ander-taal na sy moedertaal ver-taal het.

Tot die diepe sin van hierdie kruiswoorde behoort dus óók die hoë agting en erkenning wat Christus self gegee het aan die rol en betekenis van die moedertaal in 'n mens se lewe.

Volgens Skrifverklaarders het Christus egter nie net *verwys* na die aanvangswoorde van Psalm 22:2 : "My God, my God, waarom het U my verlaat?" nie, maar het Hy die *hele gedig* biddend aangehaal. Ek wil dié afleiding maak: bo en behalwe die religieuse dimensie van dié digwoorde, kom daar in die indirekte taal van die poësie én deur die besondere strukturering van die materiaal in die vorm van teenstellings tussen:

gebed en profesie

weeklaag en danksegging;

en die afwisseling van:

wanhoop met hoop

vernederling, vyandskap, haat met herstel, wederoprigting,

'n poëtiese dimensie, 'n algemeen-menslike waarheid by: dat saambestaan van teenoorstaandes en die opeenvolging van kontrasterende fases déél is van lewe ...

Na byna 2,000 jaar vind ons by die groot woordmeesters in ons "klein taaltjie" stééds onderskrywing van die geldigheid van Christus se hoogskatting van die moedertaal. By prosaïs, dramaturg, digter is daar bekentenisse — eksplisiet of implisiet — dat "Afrikaans my baarmoeder is" (Aucamp, 1978, p. 5):

My bestaan, my identiteit, my kern, my alles lê opgesluit in Afrikaans. 'n Bestaan in 'n ander taal sal vir my tweedehands wees ...

aldus die ek-verteller in Hennie Aucamp se essay "Die uitsettingsbevel" in *Enkelvlug* (1978, p. 5).

In *Dagboek van 'n verraaier* laat J.C. Steyn sy held in 'n openhartig-eerlike dagboekinskrywing sy intiemste gedagtes só uitsê (1978, p. 122):

Dis ... my private ache. Dis my ache, die ache oor volk en taal ...
Dis miskien ons almal se enigste egte besit: die smart en die vrees vir die smart om te kan verloor wat vir ons die liefste is ...

en dié vrees is: "dat die wonderboom sal ..."

'n Boer in *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*, bid-praat so (Grové, 1975, pp. 11–12):

... Sê my, wat is kiepersol of kanniedood in Engels? ... Of hoe vertaal jy blink-blaar-wag-'n-bietjieboom of brandsiekskaap? Julle kan nie ... 'n Mens het jou eie woorde nodig, soos jy hulle nodig het om jou testament op te stel. Hoe bemaak jy jou erfenis aan jou nageslag? ... Sê my, hoe word 'n mens oud in Engels en hoe sterf jy daarin?

Nadat Elisabeth Eybers haar in die vroeë sestigerjare in Nederland gevestig het, is die vraag soms aan haar gestel of sy dalk later in Nederlands sal skrywe as sy lank genoeg in die land bly om die taal goed baas te raak. Hierop was haar antwoord in 1963 (1978, p. 110):

Dit kan ek my nouliks voorstel.
Afrikaans is nie alleen die taal van my bewuswording nie, maar ek voel oortuig dat dit poëties bruikbaar is as Nederlands, veral vanweë sy groter soepelheid en bondigheid.

In 1977 is die Nederlandse taal met sy "star sintaksisbos/waar ek nog voel-voel dwaal" steeds nie die taal van haar dink en skryf nie.

In "'n Moontlike gesprek" in September 1981 (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, p. 173) antwoord Sheila Cussons haar denkbeeldige gespreksgenoot se vraag oor wat behoud en handhawing van die moedertaal beteken — juis vir haar beteken wat toe reeds vier-en-twintig jaar lank al woon in Spanje — in 'n "vreemde" land met 'n "vreemde" taal voortdurend in haar ore en op haar tong:

My taal (het) nie verdwyn nie, intendeel: ... dit spin en weef soos die lies van die veld ... ek is jaloers gesteld op my taal as ooit; ek hoor en proe hom in my gedagtes met 'n dankbaarder waardering as ooit voorheen.

... Afrikaanse woorde, lewe in my. Het my nodig, hierdie klein taaltjie, tegelyk so lewenskragtig en so weerloos; ook vir my nodig vir sy groei en

sy beveiliging? Leef, só, Engels in my, my vlot Engels? Nee. Hierdie baarmoeder-roering in my (hierdie wonder) — is Afrikaans.

'n Sekere mineurklank slaan tog deur in al hierdie uiteenlopende vorme van reenskap gee van die persoonlike mens-taal verbintnisse; telkens skemer die gedagte deur dat die voortbestaan van taal (en dus volk) nie iets vanselfsprekend is nie: om te dink oor die ondenkbare — die verdwyn van die Afrikaanse taal — is lank nie meer paradoksaal nie.

Nie al die skeppende woordmense deel egter hierdie "private ache oor volk en taal" nie; nie almal is ontstemd oor die "potensiële ondergang van die Afrikaner en sy taal" nie.

In die derde gedig in die reeks "Vlug en Aankoms" verken Wilma Stockenström (1976, p. 38) die negentiende-eeuse Trekgeskiedenis van die Boer vanuit die perspektief waarvolgens die geskiedenis hom as 'n evolusionêre proses van voortdurende, geleidelike verandering laat begryp. Verganklikheid en tydelikheid word as die mees onderskeidende merk uitgewys van alles menslik — en taal is die "menslikste van wat ons menslik is":

Hier staan ek, ek, verworde dier, vreemd.
Minerale onder, silwerkollektes sterre om my.
In my, skrik en skielike veroudering, staan ek,
'n skreeu in my longe in my reeds dooie taal,
my vloek van ster na ster, my knoop, my web.

Die woorde "Hier staan ek .../'n skreeu in my longe in my reeds dooie taal", is, oppervlakkig geoordeel, 'n ongunstige oordeel; kontekstueel beoordeel, is dit geen negatiewe emosionele uitspraak oor die voortbestaan van Afrikaans as (moeder-)taal nie: dit is 'n intellektuele insig, 'n waarheid wat noodwendig voortvloei uit die gedagtestruktuur wat steun op die beginsel van evolusionêre veranderinge. Elders klink die waarheid só:

Die liefde sal nooit as te nimmer vergaan
maar tale gaan, soos profesie, na die maan.

"Die digter dig | digte verdigsels", sê Breyten Breytenbach: Boerklong van die Boland maar sonder Boer-se-dink. 'n Mens sou ook sý uitsprake-op-vers oor die "grotbewoner"-Afrikaner (1964, p. 30) en "afrikaans stuiptrekkende taal" (1964, p. 20) wou "regpraat" en wel as Zen-gefundeerde poëtiese uitinge (Van der Merwe, *Standpunte*, Aug. 1973, p. 50), maar hulle sluit aan by openbare uitsprake van hom, en optrede in die openbaar vorm vir 'n skrywer "het verlengstuk van zijn persoonlike oprechtheid of het ontbrekend daarvan" — aldus Breytenbach voor die Nederlandse tak van die internasionale skrywer-

organisasie PEN op 16 April 1983 (*NRC Handelsblad*, 19 April 1983, p. 8).

“Ek het my taal vreeslik lief”, bely Breyten Breytenbach in 1968 en gaan dan voort om die taal in die openbaar uit te skel as ’n bastertaal, drektaal, grafsteentaal, vergiftigde prins van die Germaanse familie.

Geen redelike en denkende mens kan hierdie beledigende, onbeheerste, onwetenskaplike uitsprake ernstig opneem nie. Wat ’n mens laat onthou: Olive Schreiner se doemprofesie van 1896 het ook maar misgeloop.

II

In 1975 was dit Taaljaar en in/oor die amptelike kultuurtaal Afrikaans, “ons pèrel van groot waarde”, is met optimisme en hartstog, gerustheid en gelukkige selftevreedenheid gesing en gepraat en geskryf. Na die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl op 10 Oktober 1975 skryf die Vlaamse afgevaardigde na die fees, Anton van Wilderode (ps. C. Coupé), die volgende gedig (*Tydskrif vir Letterkunde*, November 1975, p. 1):

Taalfeest, Paarl 10 Oktober 1975

De dag die gróót was is voorbij. Wij rijden
nog nágenietend naar de verre stad;
het zachte donker is een huis van zijde
waarboven sterren glinsteren en verglijden
gelijk saffieren op een reuzerad.

De witte taalzuil op de berg blijft achter
maar staat voorgoed in mijn herinnering:
granieten kogel, geestelijke wachter
die voor de stoet der komende geslachten
het teken wordt van de bevestiging.

De teerste lente die ik mocht beleven
waait met een adem van doorgeurde wind
mij Boland toe, zo schielijk liefgekegen.

De witte lichtjes van de stad bewegen
en heel de hemel is ons goedgezind.

... *en heel de hemel is ons goedgezind* .. Uit dié euforie is die Afrikaner in 1976 geskok toe die Soweto-opstand — glo gebore uit verzet teen die verpligte leer van Afrikaans op swartskole — en die sinistere gebeure daarna ’n skadu oor die vanselfsprekende voortbestaan van Afrikaans as kultuurtaal en die Afrikanervolk as kultuurvolk gegooi het.

Hierdie gebeurtenisse het die swartmense, en ook ander gekleurdes, se houding teenoor Afrikaans en die blanke Afrikaanssprekende negatief beïnvloed. Afrikaans is gestigmatiseer as die taal van die onderdrukking en toeneemend met minagting bejeën. Getallegewys word ons "klein taaltjie" dus 'n nóg kleiner "taaltjie".

1976 was egter in 'n tweede opsig 'n keerpuntjaar in die geskiedenis van die Afrikaanse taal. Dit was ook die jaar van die onafhanklikwording van Transkei en die afskaffing van Afrikaans as amptelike taal in dié swart staat — 'n voorbeeld wat deur nog 'n onafhanklike swart staat gevolg is; in 'n koerantberig in *Die Burger* van 13 Mei 1981 lees ons: "Ciskei stem teen Afrikaans" (p. 15). In Bophuthatswana en Venda is Afrikaans tans nog ampstaal. Oor die status van Afrikaans as offisiële landstaal ná onafhanklikwording van Suidwes-Afrika — wie ook al aan die bewind kom — sal min mense 'n voorspelling waag.

Ook geografies gesproke krimp Afrikaans tot 'n nog "kleiner taaltjie".

Emosionele en bevooroordeelde uitsprake, alarmistiese statistieke, onrusaaiery, negatiewe profesieë lei tot gevaarlike oorreaksie in so 'n mate selfs, dat 'n vooraanstaande Afrikaner en intellektuele leier* hom in 1979 bereid verklaar het "om Afrikaans as amptelike taal van Suid-Afrika prys te gee as dit sy inwoners se oorlewing kan bevorder" (*Beeld*, 31 Augustus, 1979). Geen wonder nie dat mense vreesbevange en in 'n gees van pessimisme begin voorsien het dat "die wonderboom sal (val)" (Steyn, 1978, p. 122).

Hierdie pessimistiese gees van vóór 1980 het 'n mens soms lus gemaak om soos een van die Afrikaner-intellektuele in *Dagboek van 'n Verraaier* (Steyn, 1978, p. 122) uit te roep: "(Ons) grens Afrikaans dood!" Ek sê vóór 1980, want in hierdie ronde jaar aan die begin van 'n nuwe dekade verskyn J.C. Steyn se omvangryke wetenskaplike studie: *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*.

Met hierdie monumentale werk het hy — so wil dit my voorkom — die epog van 'n "nuwe renaissance" in Afrikaans ingelui. Aan die woord is 'n geleerde met 'n enorme erudisie, 'n taaldeskundige wat sensitiewe materiaal wetenskaplik ondersoek, 'n Afrikaner vir wie sy taal "Myn liefste en Dierbaar Pand" is (Steyn, 1975, p. 49). Hy bewys oortuigend dat jy net in jou moedertaal letterlik tuis, op jou gemak en in beheer van die situasie is (Ponelis, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 1982, p. 91). Steyn bepleit verantwoordelike

*Prof. Willem Kleynhans van die departement Staatsleer en Publieke administrasie aan die Universiteit van Suid-Afrika sê dit in sy getuienis voor die kommissie van ondersoek na 'n nuwe grondwet.

taalleierskap binne die Afrikaanse taalgemeenskap en by elke individuele taalgebruiker 'n positiewe taalhouding: 'n gesindheid van taalbewustheid, taalgehegtheid, taalgetrouheid, bowenal 'n lewenswil tot taalhandhawing; en teenoor ander tale: hoflike taalverdraagsaamheid sonder oordrewe toegeeflikheid. Hy verwerp die bewerings dat Afrikaans 'n kwynende of sterwende taal is, máár: of *behoud* en *bestaan* van Afrikaans rymers sal bly, sal in 'n groot mate van onself afhang.

Met *Tuiste in eie taal* sit Steyn die Afrikaner én Afrikaanssprekende aan die dínk: diepdink, en lúister: oop-gemoed luister, en práát: ernstig praat, en so word 'n nuwe taalgees wakker. Die "nuwe bloeitydperk" van die afgelope twee tot drie jaar word dan ook gekenmerk deur die wyse waarop die Afrikaner-intellektueel sy taak vir die jare '80 begryp en met selfvertroue en drif aanpak. By die akademië lei gedissiplineerde studie tot grondige ondersoek na die problematiek in verband met *die stand, die taak en die toekoms van Afrikaans*, en by al die belangrike kultuurgeleenthede oral oor die land tree van die voorste taalkundiges op en praat helder en duidelik en meestal skerp oor aktuele kwessies in verband met Afrikaans.

Nie net die onlangse studie-resultate van die akademië bevat 'n gemene deler: die behoud en bestaan van Afrikaans nie; ook die navorsingswerk van die afgelope dekade deur die R.G.N. — en dan veral dié deur dr. Karel Prinsloo en ander navorsers verbonde aan die *Instituut vir Taal en Lettere en Kuns* — wen ná 1980 aan groter koördinasie en beleef 'n nuwe impetus.

Vooraanstaande joernaliste soos Dawie van *Die Burger* en Piet Muller van die *Beeld* lewer skerpsinnige bydraes oor die Afrikaner en sy verantwoordelikhede met betrekking tot sy taal.

Uitgewers soos Tafelberg, Van Schaik en Human & Rousseau stel prestigepryse beskikbaar om die belangstelling van die studente aan ons Universiteit in die Afrikaanse Taal en Letterkunde te bevorder.

Politici soos Sy Edele dr. G. v. N. Viljoen, bepleit 'n kultuurstrategie vir Afrikaans op die tussenvolkige terrein.

Onwillekeurig dink 'n mens aan N.P. van Wyk Louw se woorde: "Taal — net soos 'n volk — kan baie jeugde hê." En die temawoorde vir hierdie lesing, wat geleen is by J.C. Steyn se angsvallige dagboekskrywer, nl.: "vrees dat die wonderboom sal ...", wil ek voltooi en retories bevraagteken:

"Vrees dat die wonderboom sal ... val?"

III

Om 'n "nuwe jeug" in ons taal moontlik te maak, sal nodig wees dat nie net

taalkundiges wetenskaplik *besin* oor die stand en taak en toekoms van Afrikaans nie, maar dat literatuurwetenskaplikes met groter doelbewustheid die status en hoë aansien van ons taal in skerp lig stel, want dit: *'n taal se aantrekkingskrag — wat veral in sy literatuur lê — is in 'n hoë mate bepalend vir sy toekoms.* 'n Taal verwerf sy aansien op grond van die geestesgoedere wat daarin gelewer is en Afrikaans het reeds sy deel aan groot woordkuns gelewer: "Dit is nie net vooringenome Afrikaners wat Van Wyk Louw die grootste Dietse kunstenaar van sy tyd noem nie, dit is nie net ons wat pryse aan Elisabeth Eybers toeken nie" nie (Odendal, *Tydskrif vir Letterkunde*, Februarie 1980, p. 9); dit is nie net ons wat erkenning gee aan D.J. Opperman en Etienne Leroux nie. Vooraanstaande oorsese skrywers en letterkundiges bestee aandag aan ons letterkunde, skryf daaroor, besoek ons land en tree as gasdosente op. Ons het al vanjaar besoek gehad van die gevierde Nederlandse prosais, dr. W.F. Hermans, asook van prof. H.W.J. Vekeman van die Albertus Magnus-Universiteit, Keulen, en in Augustus 1983 kom prof. K.A.M. Porteman van die Universiteit van Leuven na Suid-Afrika om aan verskillende universiteite voorlesings te hou.

Hierdie hoë aansien van Afrikaans moet behou word. Prof. Christo van Rensburg stel as deel van 'n taalbeplanningstrategie dit: *bring die Afrikaanssprekende by sy digters en skrywers en weer by sy toneel uit (Die Bondgenoot, September 1982).*

As hoof van hierdie groot Departement van Afrikaans sou ek my verantwoordelikheid ontduik as ek dit nie as uitdaging en taak stel nie om geleenthede binne en buite die lesinglokaal te gebruik en te skep om juis dit te doen wat Christo van Rensburg as strategie bepaal. Die 1,450 studente van ons departement, maar ook so 'n hoogsmoontlike persentasie studente van ander departemente en fakulteite, sowel as lede van die wyer gemeenskap waarbinne ons leef en werk, moet voortdurend tot die besef en waardering gebring word van:

- (i) die hoë peil — wêreldpeil — van ons letterkundige prestasies;
- (ii) die skoonheid en soepelheid en subtiliteit en fyngenuanseerdheid en sêkrag van ons taal;
- (iii) die besondere ingesteldheid van "verbeeldend kyk en speel met taal" by ons grootste skeppende kunstenaars;
- (iv) die reeds bestaande intellektuele tradisie van ons volk waaraan daardie literêre kritici help bou vir wie kritiek is: "die peillood van die rede in die skoonheid af" (Louw, 1939, p. 119).

Dalk — deur die bewusmaking van al hierdie dinge kan 'n *positiewe taalhou-
ding* en die *wil tot taalhandhawing* gekweek word.

Om die status van Afrikaans as volwaardige letterkundige medium te demon-
streer, kies ek gedigte uit twee bekroonde digbundels: N.P. van Wyk Louw en
D.J. Opperman se twee sg. "taalbundels": *Tristia* (1962) en *Komas uit 'n
bamboesstok* (1979). Ek kies poësie omdat dit dié deel van die literatuur is wat
die naaste aan my staan en ook omdat die digter vir my dié eintlike hoeder is
van die vuur: die taal.

In die gekose tekste word mens, lewe, natuur verken. Die gedigte bring die
leser opnuut tot insig in die verwickelde verhoudinge van die mens teenoor
homself en ander mense, teenoor goed en kwaad, teenoor die natuur en
bowenal teenoor God.

Ek wil nie hier toetree tot die debat oor die huidige metodologiese krisis in die
literatuurstudie nie. Ek is dit eens met E.D. Hirsch dat geen poësie-teorie ons
kan lei tot 'n metodologie wat sal werk vir die vertolking van alle gedigte nie.
Maar dis tog wenslik dat ek 'n basiese uitgangspunt stel. Hoewel die studie
van literatuur meer behels as net die lees van enkel tekste, glo ek dit bly steeds
die kritikus se taak om individuele werke te vertolk. Dit is ook my grondige oor-
tuiging dat, wat die didaktiek van literatuuronderwys betref, die tradisionele
benaderingswyse van 'n noukeurige struktuuranalise van 'n taalkunswerk as
aanvangs-aktiwiteit nie vervang kan word nie; waardering vir die integriteit van
'n teks, vir die formeel geslote en perfekte afgewerkte gedig, is noodsaaklik vir
die student se literêre vorming.

Die hele *Tristia* is as't ware 'n pre-tekst vir wat Ernst van Heerden noem die
"verbysterende tweeling 'Kunsklas' en 'Kermispeël'" (Van Rensburg (red.),
1982, p. 175). (Die twee tekste verskyn in die BYLAAG.)

Die student van *Tristia* weet dat die hele corpus gedigte 'n boeiende samehang
vertoon: die subtitel "voorspele en vlugte" (by implikasie: meer as een "voor-
spel" en meer as een "vlug") gee dit immers te kenne. Kennisname en begrip
van die openingsgedig, "Voorspel 1950" (een van talle "voorspele"), is van die
allergrootste belang: die digter wil

miskien nog van Gods weë weet:
— Sy paaie en Sy pyn:
*maar ingewikkeld alles ken
en mens wil wees én rein.* (Ek kursiveer.)

Kenmerkend van sy kuns is die spanning tussen strydende of teenstellende
kragte: sekerheid — onsekerheid; goed — kwaad; goddelike — aardse; lig —

duisternis; vryheid van gees — gebondenheid van vlees; en sy sterk bewustheid van die kompleksiteit van dinge en dus ook die verstrengeling van goed en kwaad.

Verdere noodsaaklike toerusting vir die leser-vóór-hierdie-gedigte (wat sedert hulle verskyning in 1962 nog nooit verklaar is nie), is kennis van en 'n geofendheid in die begryp van Van Wyk Louw se werkwyse: sy voorliefde vir dramatiese dialoogtekste en gespreksituasies waarin standpunt teenoor standpunt gestel word en gepoog word om die helder dink aan die gang te kry; die verwysingsmoeilikhede van die werk omdat sleutelverwysings onbekend is; sy ontginning en uitbuiting van die meerduidigheid en ambivalensie van woordbetekenisse; sy spel met die klank en ander taalmiddele; die talryke gedurfdede verbeeldingspronge en vrye assosiasiespel en dan: sy hipernoukeurige versorging van die leestekens.

Die titel van die ongepunktueerde "Kunsklas" impliseer dat 'n aantal leerlinge/studente op grond van hulle gemeenskaplike kunsbelangstelling bymekaar geplaas is as 'n groep; die groep kunsbelangstellendes of ook kunsbeoefenaars, is formeel byeen vir klassikale onderrig — vir studie en bespreking onder toesig en leiding van 'n leermeester. En dit gaan myns insiens in hierdie "kunsklas" veral oor die "onderrig" ten opsigte van die moontlikhede van die spel met leestekens as noodsaaklike intellektuele en konstruktiewe struktuurfaktor. Die doelbewuste vakman demonstreer dan in die tweede gedig, "Kermisspieël", hoe die koers van die denke van die leser deur die digter gerig word deur sý besondere punktuering én hoe die hipernoukeurige versorging van die leestekens die betekenis van die teks kan bepaal. Met hierdie teks wil Van Wyk Louw bewys lewer dat die vakman wat doelbewus suiwerheid van vorm nastreef nie absolute vryheid aan die leser laat om te lees soos hy wil nie; die leser is voortdurend onder strenge beheer en leiding. In "Kunsklas" is dit vanweë die afwesigheid van leestekens ook nie uitgesluit dat dit dieselfde stem is (dié van die gedig of digter — in poëtiese opsig) wat deurgaans praat nie.

In die taal van die ondertitel van die bundel sou mens dus kon sê dat "Kunsklas" die voorspel is tot die vlug: "Kermisspieël", en 'n wesensmoment van die fuga is "die wisselspel van (op die minste) twee temas" (Van Rensburg, 1975(a), p. 86).

Die gedig "Kermisspieël" word deur sy afsonderlike titel 'n enkel kunswerk wat ook in sy eie selfstandigheid geken en gelees moet/kan word. Dat die poging om hierdie tweede lid van die tweeluid te probeer ontleed 'n uitdagende denkoefening was, sal ek nie ontken nie.

Die betekenis van die begrip "kermis" het 'n dubbelaard. Oorspronklik het dit

'n *geestelike, religieuse karakter* gehad: die woord, as vervorming van *kerkmis*, het — veral in Rooms Katolieke gemeenskappe — letterlik beteken: "plegtige mis gevier by die wyding van 'n nuwe kerk, by die toewyding van 'n kerk aan 'n bepaalde heilige of by die jaarlikse plegtige gedenkfees van so 'n wyding of toewyding; ook, jaarmark wat dikwels daarmee gepaard gegaan het" (WAT V, p. 561).

In Suid-Afrika het die woordbetekenis tans 'n *sekulêre karakter*: dit dui op volksvermaak en het ook die konnotasie van uitbundige plesier: Dit is 'n "geheel van georganiseerde vermaaklikhede, bestaande bv. uit optogte, parades, vertonings, kompetisies van allerlei aard, met kraampies en stalletjies waar verversings en artikels soos plaasprodukte, handwerk, e.d. verkoop word, gewoonlik georganiseer deur 'n openbare instansie of 'n groep persone om fondse in te samel vir een of ander liefdadigheids- of ander instansie of openbare doel" (WAT V, P. 561).

In "Kermis" klink ook na die gewestelike vorm "Kersmis/"Krisemis" en dus 'n subtiele verwysing na Christus, Saligmaker van die wêreld.

Die tweede lid van die samestelling "*Kermisspieël*" dui letterlik op 'n "voorwerp van glas of metaal met 'n gepolyste oppervlak wat die beelde van voorwerpe terugkaats" (HAT, p. 811). Die begrip spieël veronderstel 'n kyker, 'n beeld, refleksie. Daar bestaan eindelose variasies op refleksie: dis 'n *fisiese feit* (dink bv. aan weerkaatsende wateroppervlakte), maar dit word ook geassosieer met introspeksie, met die proses van besinning en selfondersoek; dit dien ook as embleem van waarheid of misleiding en kan in verband staan met melankoliese refleksie vanweë 'n kwellende gewete. "Spieël" impliseer moontlik die kom tot ontdekking én kennis van die innerlike self. Word 'n *kermisspieël* voor jou gehou, sal 'n verwronge beeld teruggekaats word. Die teks sal egter bepaal watter konnotasies: gunstig of ongunstig, geaktualiseer word.

Die kriptiese vorm van die twee openingsverse van "*Kermisspieël*" (vgl. Bylaag) is baie dramaties; die besondere plasing van woorde tussen aanhalingstekens bied egter 'n leidraad: dit dien as leeshulp en gee te kenne dat dit nie dieselfde stem is wat in die twee verse (en ook deurgaans in die gedig) praat nie. Die indruk word onderskraag deur die kontraspatroon wat die twee reëls vorm: Bruinoog teenoor Rooi oog; lewer (uitskeidingsorgaan in die liggaam) teenoor God; emosionele uitroepvorm teenoor die vraagvorm; oorwegend meerlettergrepige teenoor uitsluitlik enkellettergrepige woorde waardeur ook 'n ritmiese verskil tussen die twee verse teweeggebring word.

Hier is dus by implikasie die moontlikheid van 'n "gesprek": van afwisselende "spreekbeurte" en "stemminge" van verskillende "sprekers". In die lig van die konnotasies van die begrip "spieël" is dit waarskynlik nie 'n *dialog* nie, maar

eerder 'n *selfgesprek*: 'n konfrontasie van die spreker met homself. Ek wil beweer dat dit die spanning en botsing tussen die aardse en religieuse "persoonlikhede" in die prater self is wat hier tot taal gemaak is. Die eerste spreker noem ek voortaan A en die tweede dan B.

Die enigmatiese openingsvers, die besliste toon en emosionele intensiteit van die uitroep:

Bruinoog soos lewer!

suggereer die voortsetting van 'n argument, die reaksie op wat voorafgegaan het. Die gedig begin dus as 't ware midde in 'n "gesprek" of dan: "selfgesprek".

In sy ondersoek na "Aspekte van kleurgebruik in die poësie van N.P. van Wyk Louw" (Van Rensburg (red.), 1982, p. 172) stel Ernst van Heerden vas dat die kleurwoord bruin in verskeie gedigte in die *Tristia*-corpus 'n "simfoniese Leitmotiv" vorm; sêlf erken Van Wyk Louw:

Ek voeter na een adjektief toe: bruin.

Van Heerden wys op die hoë frekwensie van die kleur bruin in Louw se voorlaaste bundels en merk dan op: "die bruine in *Nuwe Verse* (is) merendeels ... aards, fisies, sensueel" (ibid., p. 172). In *Tristia* is daar 'n opvallende toename in die bruine en dis veral in gedig XXXIV (p. 107) uit die reeks "elegiese verse" waarin bruin so prominent is.

Die liefdesgedig "Groet in bruin" (XXXI, pp. 103–104) word 'n "himne aan die aardse met sy bruin" (Van Rensburg (red.), 1982, p. 174). In verskeie *Tristia*-verse het die kleur bruin erotiese konnotasies en in die elegiese vers XXXIV (p. 107) is dit 'n woord wat met die aardse en veral die genietinge van wyn en die fisiologiese uitwerking daarvan geassosieer word:

Bruin word sy tande van die wyn
rooi plaaswyn en sjerrie-tipe en looi-
bruin soos die looibasbome-bas
se water word sy spu wat hy agter
oor sy regterskouer spoeg.

'n Moontlike vertolking van die eerste twee verse sou die volgende kon wees: Die bahuvrihi- of possessiewe samestelling "bruinoog" dui die besitter aan van die eienskap wat deur die samestelling uitgedruk word; die oog se kleurverwantskap met lewer (rooibruin) gee aanleiding tot die vergelykingsin. Maar die assosiasie van bruinoog met lewer is "vol bybetekenisse en bowe-tone"

(*Tristia*, p. 60). Die lewer, volgens Ad de Vries in sy *Dictionary of Symbols and Imagery* (1974, p. 303), is die "seat of passion or lust", en dis bekend dat "drinking heats the liver". Alkoholiese eksesse veroorsaak leweraandoening en dit lei tot die *verkleuring* van die sklera van die oog. (Dat die verkleuring in hierdie konteks as bruin in plaas van die fisiologies-juiste geel aangedui word, is ter wille van die intertekstuele konnotasies van bruin as draer van aardse waardes. Die *verkleuring* is hier van belang.)

Word die spel met intertekste voortgespeel, en bou 'n mens voort op die struktuurfeit van die hipernoukeurige organisasie van al die *Tristia*-verse volgens die musikale verhouding: voorspel — vlug, kan beweer word dat die gedig wat hierdie tweelinggedig voorafgaan: "Karoo-dorp: Someraand" (p. 36) die *voorspel* tot, en die gedig wat daarop volg, "Piero della Francesca" (p. 41), die *vlug* daarna is. In hierdie voorspel lees ons van "Oum—Appie—Slagkraal" wie se "ou fiets / kom staan, vanself, moeg, voor die oog" — *oog* hier in sy populêre betekenis van kroeg. Bruinoog impliseer meer as slegs bruin-oë -besittende omdat die digter hom ook in hierdie konteks beroep op die idiomatiese kennis van die leser dat "oog" en "lewer" in verband staan met drank.

Die hiëroglifiese "Bruinoog soos lewer" word dan 'n emosionele en besliste bevestiging van (en fisiologiese bewys vir!) die vreugde van aardse genietinge.

Alles is ingewikkeld ("Voorspel 1950") en dit is dan ook nie vreemd nie dat die kleurwoord bruin, hoewel hoofsaaklik aards-in-konnotasie, op verrassende wyse 'n religieuse assosiasie verkry in die liefdesgedig "Groet in bruin" (p. 104):

O "bruin", wat Jy: Heer en God, geseën het
in jou bruin jodeseun wat in Galilea
voetpad-geloop moes't ...

"Piero della Francesca", as *vlug* op die tweelinggedig-*voorspel*, het ook 'n boeiende woord te sreek: die gedig handel oor die kunstkepper wat hom met die suiwering van menslike drel besig hou en vir wie die essensiële, die suiwer vorm bestaan in "Hy: (wat) Vis is".

Met 'n gedurfde assosiasiesprong kom 'n mens van die ambivalente bruin en die musikale bundelstruktuur uit by die tweede vers met sy eksplisiete heenwys na God.

In "Rooi oog soos God" is rooi (en dus nie die normale bruin, blou, grys, groen nie) beskrywend van die uitsonderlike kleur van dié "oog" wat soos God s'n is. Rooi het 'n tradisionele assosiasie met bloed en met die passie van Christus.

Bevestiging vir my vermoede dat hierdie inleidingsverse te make het met die polêre spanning tussen die aardse en goddelike, die liggaamlike en geestelike, kom ons sê: tussen "mens" wil wees en "rein" wil wees, en dat dit 'n vorm van gedagtepraat is, vind ek in die buitetekstuele voedingsbron van die tweede vers. Volgens persoonlike mededelings deur die digter aan 'n eertydse doktrale student, P.G. du Plessis (1968, p. 134), en ook aan sy kollega, prof. Ernst van Heerden (Van Rensburg (red.), 1982, p. 176), is hierdie reël 'n verwysing na 'n Christus-skildery van die Vlaamse kunstenaar Gustaaf van de Woestijne. Deur navorsing het ek vasgestel dat die kunstenaar 'n skugter mens was, 'n persoon wat in homself gekeer was en *graag met homself gepraat het*, iemand met 'n sterk drang na die godsdiens; as kunsskepper het hy sy skilderwerk gewoonlik begin met die noukeurige, gedetailleerde afgewerkte tekening van 'n oog. In 1925 skilder hy sy vreemde maar aangrypende religieuse werk: *Kristus offert zijn bloed*. Dit toon die doodstryd van Christus aan die Kruis met twee treurende vroue aan sy voete (vgl. afdruk van skildery op die volgende bladsy). Die voorstelling is onthutsend: die liggaam van Christus is vreemd verwronge en sy hart bloei, maar dit is die twee enorme uitpeulende oë wat die skildery oorheers en in die herinnering bly naspook. Die groot oë lyk nóg groter en meer vol afgryse vanweë die diep blou kringe daaronder; die ontsetting van die oë spreek uit die bloeddeurloopte en daarom rooiagtige oë. Na aanleiding van hierdie oë van Van de Woestijne se Christus-figuur skryf Paul Haesaerts (1969, p. 176): "het (zijn) twee verblindende koplampen die hun koude licht naaldscherp op ons richten. En wat zeggen zij in hun paroxisme? Een soort plotse schrik bij het zien van de werkelijkheid? De nuttelosheid van het aanvaarde offer maar ook van de wanhoop in het besef van die nuttelosheid?" En die rede waarom hierdie voorstelling so 'n dramatiese impak het, is omdat die Gekruisigde tradisioneel uitgebeeld word met geslote oë — die rooi starende oë het daarom 'n skokeffek.

Die "rooi oog van God" dui op God se pyn en lyding via Christus. Hý ly pyn en verskrikking en wanhoop tot die uiterste — net soos Christus.

Die offergedagte staan voorop in hierdie skildery: dit heet immers *Kristus offert zijn bloed*. Dit wys heen na sy soenoffer — na die Goddelike waarheid dat Hý die "sonde van baie gedra het".

Christus en sy Middelaarsrol vind op biologiese vlak 'n boeiende parallel in die lewer as 'n poortstelsel-organisasie — 'n "tussenganger" tussen die verteeringskanaal en die algemene sirkulasie.

B, die krities-denkende religieuse "mens", wil dus die aardse drif-"mens" op skokkende wyse konfronteer deur nom vraenderwys te herinner aan die plaasvervangende betekenis van Christus se gewelddadige dood.

Op hierdie heenwysing en "teregwysing" oor sy drankmisbruik reageer A



heftig-afwysend. (Sy dramatiese taalregister blyk uit die taalklank, woord en ritme.) Die woord “terug” — ellipties ingekort tot die enkellettergrepige “trug” — word vier keer kort na mekaar, telkens in heffingsposisies, herhaal:

Nee! trug!: war-wóér om!
trug en trug en trug ...

Die telkense gebruik van die uitroepteken en die gevolglike hoë aantal duidelike pouses binne die versreëls dra by om die sterk toon van emosionele verontwaardiging by A te suggereer.

Die hartklop van ons tyd, beweer Lina Spies, is die mens se beleving van sy liggaam: in sy grenssituasies (is hy) onherroeplik liggaam (Botha en Pretorius (reds.), 1983, p. 110). In hierdie gedig, wat al in die jare 1950—1957 geskryf is, kry ons reeds by Van Wyk Louw die verkenning en beleving van die liggaamlike: die gedig handel oor sintuie soos die oog maar veral ook oor organe soos die lewer, niere, nierbuise, dun- en dikderm, die hele uitskeiding- en geslagstelsel soos dit in die bekken lê; harslag, bloed, vesels.

Twee van die belangrikste funksies van die lewer is dat dit ’n detoksifikasie- en ’n uitskeidingsorgaan is. In strofe 2 probeer A, deur verwysing na die fisiologiese prosesse en uitskeidingsstelsel, motivering te verskaf vir sý standpunt dat drank geen skadelike uitwerking op sy liggaam het nie. Fisiologies verloop die uitskeidingsproses só:

Die alkohol kom in die niere — die uitskeidingskliere — deur die arteriële bloed; tydens die deurtog van die bloed word (gif-)stowwe in wisselende mate daaruit gefiltreer en deur die niere as urien gesekreter wat dan via die versamelbuisies in die nierbekken beland vanwaar dit langs die ureters, of afvoerbuise, na die urienblaas of reservoir, wat in die bekkenholte geleë is, afloop. Alkoholiname lei egter tot ’n verhoogde filtrasie in die niere en tot verhoogde urienproduksie en -uitskeiding.

Hierdie (verhoogde) uitskeidingsproses word op die indirekte wyse van die poësie só gestel:

... trug, tót:

waar ’bruin oog soos lewer’
in ’die niere’ net ’blaaí’,
oker trappe afloop
in die silwer in die fraai

beker van die heupe ...!

Die idee van die verhoogde nieraktiwiteit word beeldend voorgestel as “in die niere ... blaai”. Die begrip “blaai” kom voor in die idiomatiese uitdrukking “ons blaai dit”, wat beteken: ons bekommer ons nie daaroor nie. “*Net blaai*”, in hierdie konteks, wil dus impliseer: A bekommer hom nie oor die uitwerking van drank op sy liggaam(-funksies) nie.

Die gebruik van aanhalingstekens is hier om enige van die volgende redes:

- (i) as *siteringsmiddel* om die presiese woorde wat reeds gesê is, aan te haal — ’n middel dus om intertekstualiteit aan te dui — en hy haal homself moontlik aan (“bruin oog soos lewer”); die ander gedeeltes kan dalk behoort tot die deel van die gesprek vóór die aanvang van die gedig. Dat A sy argument voortsit, blyk uit die veranderde skryfwyse van “bruin oog”;
- (ii) as *ironiseringsmiddel*: die gesiteerde woorde gee dan nie sý bedoeling weer nie, maar iemand anders (B?) se woorde of gedagtes;
- (iii) as *aksentueringmiddel*: om die betrokke woorde en uitdrukkings prominent te maak.

oker trappe afloop / in die silwer ... / beker van die heupe ...!

is die konkreet beeldende voorstelling van die afvoerproses van die urien langs die urienweë — die nierafvoerstelsel: ’n ingewikkelde buisstelsel — tot in die blaas (*blaas* en *beker* allitereer en albei is voorwerpe wat vloeistowwe hou). Die afloopproses word tipografies gesuggereer deur die wyse waarop die verse enjambeer, selfs oor die strofe-skeiding heen, om in die volgende strofe “opgevang” te word. Die kleurwoorde “oker” en “silwer” is van kliniese betekenis in hierdie konteks: dit wil sê die urien is normaal — dit is helder en skoon, sônder siekte-simptome.

Die parallelistiese uitdrukking “in die silwer in die fraai”, bring “silwer” en “fraai” sô bymekaar dat hulle òf ekwivalent òf teenoorstaande moet wees. Myns insiens staan hulle in kontrasverband en kan die parallelistiese uitdrukkings geles word as

- (i) in die silwer / beker van die heupe,
- en (ii) in die fraai / beker van die heupe.

Eersgenoemde is reeds geïnterpreteer in terme van die urienuitskeidingsproses. Die dubbelsinnigheid van “beker” word geëksploiteer, want ’n beker dui ook op ’n trofee (’n teken van *enige* oorwinning of behaaalde sukses) wat as prys *verower* kan word. Hou jy in gedagte dat daar in die bekken, wat gevorm word deur die heupe, behalwe die urienstelsel óók die geslagstelsel lê, en dat die beskrywende woord “fraai” sensuele konnotasies het, is dit duidelik dat ons hier met seksuele beeldspraak te doen het. ’n Anatomiese beskrywing

van die uitskeidingsproses en sinnelike erotiek val hier saam.

Die gebruik van die stippels en die uitroepteken is hier baie suggestief. Volgens H.J.J.M. van der Merwe (1970, p. 39) word hierdie leesmiddel gewoonlik gebruik "waar 'n sin nie voltooi word nie omdat die skrywer (a) dit nie nodig ag nie, (b) dit nie durf nie". In die vroeë vyftigerjare toe hierdie gedig gemaak is, was die prout praat oor die werking van die "silwer beker van die heupe" en die "fraai beker van die heupe" dalk te gedurf? Daarom die versluisde verwysings en die suggestiwiteit van die uitroepsin — kortom: die indirekte poëtiese taal.

A het met hierdie spreekbeurt sy aardsheid nader bepaal as 'n vergryp aan drank én seks.

Op A se "goedpraat" van sy sondige aardsheid reageer B met rustige verwysings na ou waarhede, soos dat "oog soos God s'n" die onsigbare sien ("loer ... in") en die ontoeganklike deurdring ("loer deur"). Ek vermoed dat hierdie poëtiese geheimtaal 'n kundige toespeling is op Psalm 139 waarin Dawid vir God as Alsiende, Alwetende, Alomteenwoordige besing.

Die Alsiende Oog "loer by elke buis in": op anatomiese vlak verwys dit na die ingewikkelde nierbuisstelsel, te wete die eerste kronkelbuis, die lus van Hentle, die tweede kronkelbuis, die afwaartslopende versamelbuis en die ureters. Dit herinner aan Psalm 139 vs 13: "want u het my niere gevorm" — dus die hele mens: fisiek en emosioneel.

B sluit in verdere opsig by A aan deurdat ook hy verwys na die liggaamlike uitskeidingstelsels: dié van die "veelgekinkte" dunderm en die stadig-bewegende dikderm — "ou Erd-Wurm": 'n konkrete beeld wat (as jy in gedagte hou hoe Van Wyk Louw elders in *Tristia* speel met die begrippe erd — aarde — aard, p. 90) sinspeel op die *aard* van die "modderige"* mens as wurm-van-die-aarde; dis 'n beeld wat ook sterk seksuele konnotasies het.

Net soos by A val die anatomiese beskrywing van uitskeidingsprosesse en fellsinnelike erotiek saam, MĀĀR: B stel al hierdie sake *binne 'n religieuse konteks*. God se volledige, intieme, al-omvattende kennis van die mens sluit ook kennis van sy anatomie, sy aard, sy seksualiteit in.

*i) Die woord "modderig" speel terug op die rein Germanicus se verworwe insig: "'n Mens die moet ook modderig wees/as jy wil mens-wees" (p. 109).

ii) "Modderig lê" bevat ook 'n subtiële skakel met die aanvangswoorde van "Ballade van die drinker in sy kroeg" se slotstrofe: "Nou rus ek soos in modder, warm ..." (*Gestalten en diere*, p. 23).

iii) "lê": vgl. IV, *Tristia*, p. 84.

In strofe 5 reageer A met emfatiese beeldspraak:

Nee! Blaai dit trug!
Blaai terug na Genesis toe!
Blaai dit Gees en Afgrond toe!

Hy wil weg-“blaaï” (blaaï is ‘n woord wat kom uit die sfeer van die verhoogde nieraktiwiteit as gevolg van alkoholmisbruik en staan dus in verband met sy sondige aard); wegblaaï, wég van die Nuwe Testament en Christus se selflose soenoffer en terug na Genesis toe. Sou dit wil sê: na die eerstê mense en hulle sondes? A wil dus terugvlug in die *tyd*: “Genesis toe”, maar ook wegvlug in die *ruimte*: “Gees en Afgrond toe”: dus chaos toe — vóór daar orde was. “Gees en Afgrond” het — ironies genoeg — egter religieuse konnotasies. In elegiese verse IV (*Tristia*, p. 84) is God grond en Afgrond: “Sy naam is mos Afgrond”. Terwyl A dus wil wégvlug, vlug hy — ironies — eintlik onbewus ná God tóé. En hierop reageer B met die vraag: “Glo hy daar is vlug? nog?” wat as besinning aansluit by die woorde van Psalm 139:7:

Waar sou ek heengaan van u Gees
en waarheen vlug van u aangesig?

Ontvlugting in tyd en ruimte is immers onmoontlik: God is die Alsiende, Alwetende, Alomteenwoordige — daarom die vraende toon.

Van Wyk Louw se hipernoukeurige versorging van sy teks blyk ook uit die tipografie. Die dikwels herhaalde woord “blaaï” word op hierdie stadium van die gedig ‘n konkreet-aanskoulike handeling as die leser die blaadjie moet omslaan om die res van die teks te volg — ‘n handeling wat in idiomatiese sin: “‘n (nuwe) blaadjie omslaan”, beteken: “opnuut weer begin met die doel om beter te doen” (WAT I, p. 423).

Wanneer A op die nuwe bladsy weer die woord neem, is daar ‘n opvallende verandering in die taalelemente en leestekengebruik:

Bruinoog soos lewer!
word nou: *Bruin oog* soos lewer.

Die possessiewe samestelling “bruinoog”, wat letterlik beteken: besitter-van-die-bruin-oog en in hierdie konteks die konnotasie verkry het van besitter-van-die-oog-wat-vanweë-drankmisbruik-verkleur-het, word nou — ná die “blaadjie omgeslaan is” — vervang deur die woordgroep “bruin oog”, waar bruin beskrywend is van die werklike kleur van die oog. Die emosionele uitroep, as ‘n

stelling met sterk affek, maak plek vir die onemosionele mededeling omtrent die ooreenkoms tussen oogkleur en lewer.

Die hieropvolgende spreekbeurt van B *stel* (nie *vra* nie) by wyse van 'n vergelykingsin die ooreenkoms tussen die besitter-van-die-bloedbelope(rooi)-oë (dit wil sê: Christus) en God.

A reageer met 'n emosionele uitroep: "Silwer is die harslag!" Harslag is die populêre benaming vir die ingewande van 'n geslagte dier, dus: "geslag"-wees (ou natuur is "geslag"?), "ingewande" (lewer, niere, ens. ...) "skoon-wees", is begrippe wat binne die teksverband harmonies ná-klank. Die begrip "harslag" kan ook as 'n skeldnaam optree vir "'n befoeterde kêrel"; in hierdie konteks sou dit dan lui: Die koppige, verkeerde mens is gesuiwer.

By hierdie idee van "silwer", dit wil sê "skoon wees", sluit "spoel": reinig, in B se slotwoorde aan. *Die* bloed wat reinig, dui op *Christus se verlossende Bloed* wat 'n indirekte teksgegewe is via die Van de Woestijne skildery: *Kristus offert zijn bloed*, waarvan "Rooi oog soos God" die poëtiese raaiseltaal is. Die woord "spoel" is in hierdie slotpassasie 'n skitterende vonds: sy strukturele waarde word geïmpliseer deur: (i) sy klankverband met (suiwerende) bloed; (ii) die herhaling in die slotreël van die voorlaaste strofe, en (iii) die plasing as aanvangswoord van die slotstrofe, maar éntlik (iv) vanweë die wyse waarop dit semanties funksioneer: "spoel" kom in 'n idiomatiese uitdrukking voor om die gebruik van sterk drank aan te dui, nl. "die keel *spoel*". Dit is dus 'n woord wat tot die woordeskat én gedagtegang van albei "sprekers" behoort. Daarmee word gesuggereer: die sâambestaan in één mens van A en B: van mens-wees EN rein-wees.

Waarom sou hierdie suiwerende bloed sy funksie "spoel", dus "vinnig beweeg" en "skoonmaak", verrig?

Teenoor die uitroep van verbasing én ongeduld oor die onwaarskynlikheid van:

spoel hy dan in silwer!
loop hy dan in glas,

waar "silwer" en "glas" albei konnotasies het van suiwerheid (so suiwer/helder as glas; silwerskoon) kom die vraende slotverse as moontlike verheldering van die verwagtinge wat in die voorafgaande uitroepsinne telkens deur die modale bywoord "dan" gesuggereer is. Nie *spoel* (vinnig vloei) of *loop* (voortbeweeg) nie, maar "*kruip* (langsaam beweeg): "kruip hy nie dalk blindemol in ettervesels vas?"

Die vraagvorm gee indirek te kenne dat daar nie met absolute sekerheid gepraat kan word oor hierdie reinigende werking van “die bloed” nie (“blinde-mol” wil sê: sonder oë, en binne Van Wyk Louw se oeuvre beteken dit om nie te sien, en dus nie te weet nie). In teenstelling met woorde van beweging soos “spoel”, “loop”, “kruip”, staan as slotwoord van die gedig: “VAS”. “Etter-vesels” — ’n woord wat goed inpas by die liggaamlike taal van hierdie gedig én hierdie bundel — funksioneer hier as sinekdogee vir die liggaamlike beleving van God. Die Christelike belydenis in die slot van die gedig lui dus: God is in, in jou etter-vesels, in jou mens-wees vas! Dít — na hierdie innerlike konflik of “reis” — is die mens se eintlike bestemming.

Hierdie dramatiese slotstrofe: die sewende strofe — en sewe is ’n getal met religieuse betekenis: dit is die volmaakte versoeningsgetal — bring voltooiing van die onderlingverwante aspekte van tema, beeldspraak, emosionele intensiteit, verskeie skakerings van toonaard en die latente eise van die logika.

In hierdie gedig is daar ’n opvallende spel met die drie kleurwoorde *bruin*, *rooi* en *silwer* wat as duidelike semantiese wysers funksioneer. (Die enigste ander kleur *oker*, word slegs één keer genoem.)

Ons lees van Bruinoog (str. 1), bruin oog (str. 2), bruin oog (str. 6)

Rooi oog (str. 1), Rooi oog (str. 3), Rooioog (str. 6)

silwer beker (str. 2), silwer harslag (str. 6), spoel in silwer (str. 7).

Die frekwensie en ordening van die drie kleurwoorde praat ook in die gedig-betekenis mee: elk van die drie kleure kom drie keer voor (drie is ’n goddelike getal) en die rangskikking: eers *bruin* dan *rooi* en dan *silwer* hou direk verband met die gedagte-progressie in die gedig: *Die aardse, sondige mens is deur Christus se bloed gesuiver en tot versoening gebring*.

’n Mens kan in hierdie gedig tereg praat van “the creative demon of form”. Strofe 5 verteenwoordig die hoogtepunt en die emosionele draaipunt in die gedig. Verskeie formeel-tegniese elemente dui op die sleutelposisie van hierdie strofe in die gedigstruktuur:

(1) Dit is die enigste strofe waarin daar ’n opvallende samewerking van versreël en sintaksis is, en waarin die strofe-einde en vers en sinsgeleding nie in die volgende strofe voortgeplant word nie.

(2) Ritmies is hierdie strofe anders: die eerste en slotverse is eenwoordverse en die kortwoord oorheers ook in die ander reëls: uit die een en twintig woorde in die strofe is agtien enkellettergrepig — die hoogste aantal eensillabiges in al die strofes. Die sterk woordopeenhoping en direkte opeenvolging van heffinge vertraag die tempo en verleen ’n dinamiese ritme aan hierdie verse.

(3) Die strofe toon ’n opvallende afwyking wat eindrymordening betref: in strofe 1, 2, 4, 7 rym verse 2 en 4 telkens; in strofe 3 rym verse 2 en 3;

in strofe 6 gryp die eerste twee verse terug op die rymende klanke van die eerste strofe;
dit is net in strofe 5 waar daar 'n totale wegbreek is van enige eindrympatroonmatigheid:

trug! / Genesis! / toe! / nóg?

Vir hierdie gebrek aan eindrymreëlmaat word vergoed deur die sinvolle hoë frekwensie van die | x | -klank in *trug*, *terug*, *Genesis*, *Gees*, *Afgrond*, *glo*, *vlug* *nog*. Hierdie deeglike klankorganisasie toon 'n teruggryp na die klankherhaling in "Rooi oog soos God" in strofe 1, 3, 6: 'n subtiele bevestiging van die konflik wat voltrek word en van die geestelike kentering wat in die volgende strofe duidelik word.

(4) Onrus heers in die strofe: die klankpatroon en ritme, maar ook die onrustige intonasie vanweë die talle dramatiese uitroepe en vrae, dui daarop.

(5) Die byna obsessionele herhaling van die woord "blai" met sy meerduidelike betekenis, dra ook by tot die onrustige atmosfeer van hierdie keerpuntstrofe.

Deur al hierdie poëtiese elemente word 'n sekere bewoënheid as gevolg van die tweespalt in die persoonlikheid van die spreker, en sy pynlike konfrontasie met homself, op indirekte wyse oorgedra. Máár: met die verfynde bou van hierdie gedig, en dus in hierdie ordelike samehang van strukturelemente, demonstreer die vormmeester van "Kunsspieël" aan "Kunsklas" dat 'n vers "hom deur 'n geslote vorm nie laat verlam of ontsenu nie, maar wel laat uitdaag en stimuleer" (Eybers, 1978, p. 110). Dalk wou hy ook demonstreer: te "rojaal in my hemp" voor ander staan, is ekshibisionisties en vreemd aan digter-wees (Louw, *Standpunte*, September 1979, p. 34).

Hierdie essensieel-menslike gedig vra om vergelyk te word met sy tematiese voorloper van twintig jaar gelede: "Ballade van die nagtelike ure" (*Gestalten en diere*, 1942, p. 8) — 'n gedig waarvan A.P. Grové in 1955 gesê het dat die digter nie sy bedoelings opsetlik onvindbaar diep verberg nie: "Dikwels is dit wat die digter te sê het juis van so 'n subtiele aard dat dit die onsegbare nader en dus nie anders as langs 'n soort omweg tot stand te bring is nie". In "Kermisspieël", soos in "Ballade van die nagtelike ure", tree 'n kentering, 'n geestelike ervaring in by die man wat aan die begin van die gedig nog vasgesit het in "die aardse beleving van dinge" (Grové, 1958, p. 145).

Tereg word van N.P. van Wyk Louw gesê: "Die Afrikaanse taal het in die tyd wat hy geskryf het, en in 'n groot mate danksy hom, gegroei van 'n skugtere literatuurtaal tot 'n medium waarin alle fasette van menswees uitgebeeld kan word ... Hy het soos geen ander skrywer voor hom nie, die bakens van Afrikaanse menswees versit" (*Kalender*, bylae tot *Beeld*, 11 Junie 1983, p. 6).

Hierdie tweelinggedigte én *Tristia* vorm deel van die voorspel tot 'n hele tradisie wat sedertdien in die Afrikaanse poësie duidelike vorm aangeneem het: die tradisie dat die outobiografiese ek van die digter sterk op die voorgrond tree in die gedig; weens die objektiverende aard van, en die spelelement in die poësie, kan die spreker egter nie volkome met die digter geïdentifiseer word nie. Tot die tradisie van die sterk deureenspel van "vers" en "fiksie" met "feit" en "waarheid", is hierdie gedig met sy verhul-tegniek 'n voorloper van die byna genadelose biebop-die-wyse-van-die-poësie wat tog op poëtiese wyse "opnuut 'n wegkruipspeletjie" met die leser speel (Spies, 1981, p. 450).

"Good poets don't borrow, they steal", sou T.S. Eliot glo gesê het. In "Rot-sode" (*Jukstaposisie*, p. 17), opgedra aan D.J. Opperman, maak T.T. Cloete 'n toespeeling op juis hierdie belangrike kenmerk van Opperman: sy vermoë naamlik om op boeiende en oorspronklike wyse te omskep en te herskep wat tot op groot hoogte reeds geskape was:

Die digter is ook 'n dief, hy steel
van elke liggaam en elke gedig
en siel iets, van wie hulle nie heel
en bymekaar hou nie roof hy iets vir 'n gedig.

Een van die belangrikste gesteelde sywurmpapies in Opperman se digterlike bamboesstok is myns insiens juis dié tweeluis van N.P. van Wyk Louw. D.J. Opperman met sy enorme "kunde van die letterkunde" het hierdie intrinsiek moeilike gedigte — wat kritici al sedert 1962 "aan 't puzzelen" het — vrôeg al verstaan, en as haas onbekende verwysing organies opgeneem in sy *Komas uit 'n bamboesstok* waarin dit letterlik gaan oor sy "mirakelagtige terugkeer ná lewerversaking".

Komas uit 'n bamboesstok ('n volksboek) is onherroeplik beïnvloed deur sy pre-tekse: die allitererende "Kermisapieël" (Kermis: volksvermaak). Van die woorde en motiewe wat voortdurend geëggo word, is die belangrikste seker dié van *kleur* en *oog* waardeur lewersiektetoestande en genesing geïmpliseer word:

geel oog / bifokale oog — bruinoog / Rooi oog

By Opperman dui *geel oog* op die aangetaste oog van die mens wat siek is aan lewerversaking. *Bifokale oog* is die siende oog van die "herbore" digter wat na sy wonderbaarlike herstel opgaan in "die godsdien van die aarde". Die gedig "Aardkloot", uit die sewende rol van *Komas*, sou geskikte materiaal wees om dié aardse visie van Opperman te demonstreer.

Bruinoog dui — soos reeds aangetoon — op aardseheid: op die eksesse van drank en seks by die besitter-van-die-verkleurde-oog. *Rooi oog* hou verband met die religieuse strekking van Van Wyk Louw se gedig.

Ek wil egter, deur vlugtig te verwys na twee sleutelgedigte: "High Roads' Robbery" (p. 22) en "Tot siens" (p. 137) aantoon hoe subtiel Opperman sy skatpligtigheid aan Van Wyk Louw erken het. Eersgenoemde teks begin so:

Gemasker

soos die *kroeks* by Kimberley
diamante van die poskoets *steel*,
reis *ons* in *High Roads'-Readers saam*
met daardie drie;
Ou Niek, sy seun Marco en sy oom
na die *domeine* van die *Koemblai Khan*. (Ek kursiveer.)

Die gekursiveerde woorde bring die leser se "literêre kompetensie" in die spel:

- (i) die eerste vier reëls word duideliker as jy weet dat Louw se kommentaar op Opperman se *Digters van Dertig* (1953) o.a. die volgende sinnetjie van kritiek bevat het: "... van die groot probleem: 'Watter gebruik het die skrywer gemaak van wat hy gesteel het?' sê jy min".
- (ii) In die slotstrofe van die Opdrag-gedig in Van Wyk Louw se tweede bundel, *Die halwe kring* (1937), praat die belydende-ek-digter: die aristokratiese enkeling, só oor sy hoë geestelike roeping: "... ek gaan / waar *hoër*, kouer *paaie lê ...*" (p. 5). Opperman veraards en verletterlik hierdie verhewe siening en dit word Kimberley se "High Roads".
- (iii) "Kubla Khan" is een van die drie grootste gedigte van die negentiende-eeuse Engelse digter: die opiumverslaafde Samuel Taylor Coleridge (1772–1834). "*Domeine* van die *Koemblai Khan*" is dus dié van die poësie.

Ek wil beweer: Die "gemaskerde" "kroeks" van die "High Roads", mede-reisigers van die drie Polo's: die "ons", is Van Wyk Louw en Opperman.

Die saamreis word in "Tot siens" beëindig as die wonderbaarlik-herstelde digter afskeid neem van die Venesiaan Marco Polo — met wie Opperman hom vanaf die titelbladsy identifiseer — én óók van 'n ander *mede-reisiger*: sy mede-"kroek" N.P. van Wyk Louw. Die Louw-naam klink na in die "Low Roads" van die bekende Skotse afskeidsliedjie.

En nou, my liewe Marco, ná die High Roads
en die *Low Roads*, breek vir ons tesame
— die twee mislukte houbous van die Here —
die uur vir die laaste doppe aan ...

Onmisbaar vir die begryp van literatuur — dit het die lees van die teks gede-

monstreer — is die noodsaaklike jukstaposisie van die kreatiwiteit van die digter en die aanvullende kreatiwiteit van die leser.

Daar word in baie kringe spottend gepraat van teksgerigte kritiek, maar om studente, veral op voorgraadse vlak, te vermoei met die teoretiese aspekte van die nuutste benaderingswyse wat dalk “mode” eerder as “metode” mag wees, lyk nie vir my prioriteit nommer een nie. *Helder* dink, *skerp* dink, *presies* dink, *saaklik* dink, *feitlik* dink, *onbevooroordeeld* dink, juis óók oor die literêre werk as estetiese objek — immers mens het net waardering en agting vir wat jy begryp — dit móét die taak en ideaal wees van elkeen wat aan hierdie universiteit wetenskaplik maar ook ter wille van die hoër taak van kultuurbou met die literatuur wil omgaan.

F.R. Leavis het die noodsaaklikheid van literêre kritiek in die universitêre opleiding beklemtoon. “Literary criticism should be the best possible training for intelligence — for free, unspecialized, general intelligence, which there has never at any time been enough of, and which we are peculiarly in need of today” (vgl. Stallman, 1949, p. 505).

By geleentheid van sy afskeidsdinee op 3 Junie 1983 laat die uittredende dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte — prof. A.P. Grové — hom helder en duidelik uit oor wat hier by ons *móét wees*:

As ons beweer dat die literatuurstudie studente *krities* stem en *weerbaar maak* teen die aanslae van propaganda en drogredenasies, is dit waar; as ons sê dat die literatuurstudie ’n sekere soort *kennis en insig* by ons tuisbring, is dit ook waar; ook is dit waar dat die literatuurstudie die student *voorberei op enige gebeurlikheid* in ’n onseker wêreld; as ons verder sê dat die literatuurstudie *nuttige, denkende mannekrag* kan oplewer ... is dit ook waar, maar dan sal ons hierdie bewerings waar moet *maak* in die produkte wat ons lewer.

Krities-denkende, geestelik-weerbare mense met kennis en insig, toegerus met agting en bewondering vir sy eie geestesgoedere — en dan veral die Afrikaanse literatuur — sal die

“vrees dat die wonderboom mag *val*”

omskep tot: *geloof* dat die wonderboom sal bly *groei*.

Ek wil die laaste woord gee aan Sheila Cussons wie se poëtiese oeuvre vandand oor ’n week deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Hertzogprys bekroon word:

Gebed van die loot aan die Wynstok

Solank as wat die mens
sy gewaarwordinge in taal bly formuleer
Here, laat my taal leef
en dat U hom nooit van die liggaam
van Afrika sal amputeer nie —
en waar U moet terugsnoei, Heer,
laat ons u hand herken en rustig weet
U sal uit die vurige sap
wat U nou tot besinning kasty
iets wat helder en edel is eindelijk distilleer.

(1979, p. 33)

BYLAAG

KUNSKLAS

bruinoog soos lewer
rooioog soos god
nee trug warwoer-om
trug en trug en trug tot

waar bruinoog soos lewer
in die niere net blaai
oker trappe afloop
in die silwer in die fraai

beker van die heupe
rooi oog soos God s'n
loer by elke buis in
loer deur die draaie

van die veelgekinkte
van die modderige lê
waar die ou erd-wurm
in die bekken lui lê

nee blaai blaai dit trug
blaai terug na genesis
blaai dit gees en afgrond toe
glo hy daar is vlug nog

bruin oog soos lewer
rooioog soos god
silwer is die harslag
waarin spoel die bloed

spoel hy dan in silwer
loop hy dan in glas
kruip hy nie dalk blindemol
in etter-vesels vas

KERMISSPIEËL

“Bruinoog soos lewer!”
“Rooi oog soos God?”
“Nee! trug!: war-wóér om!
trug en trug en trug, tót:

waar ‘bruin oog soos lewer’
in ‘die niere’ net ‘blaaï’,
oker trappe afloop
in die silwer in die fraai

beker van die heupe ...!”
“Rooi oog soos God s’n
loer by elke buis in,
loer deur die draaie

van die veel-gekinkte
van die módderige lê
waar die ou Erd-Wurm
in die bekken lui lê.”

“Nee! Blaai, blaai dit trug!
Blaai terug na Genesis!
Blaai dit Gees en Afggrond toe!”
“Glo hy daar is vlug? nóg?”

“Bruin oog soos lewer.”
“Rooioog soos God.”
“Silwer is die harslag!”
“Waar in spoel die bloed?

spoel hy dan in silwer!
loop hy dan in glas!
kruip hy nie dalk blindemol
in etter-vesels vas?”

Literatuurlys

- AUCAMP, H. 1978. *Enkelvlug*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- BAL, M. (red.) 1981. *Literaire Genres en hun gebruik*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- BENNET, T. 1979. *Formalism and Marxism*. London: Methuen & Co. Ltd.
- BOSHOFF, S.P.E. en NIENABER, G.S. 1967. *Afrikaanse Etimologieë*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- BOTHA, E. en PRETORIUS, R. (reds.) 1983. *Samehang en sin*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- BREYTENBACH, B. 1964. *die ysterkoei moet sweet*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel.
- CULLER, J. 1975. *Structuralist Poetics*. Structuralism, Linguistics and the Study of Literature. London: Routledge & Kegan Paul.
- CULLER, J. 1981. *The Pursuit of Signs*. Semiotics, Literature, Deconstruction. London: Routledge & Kegan Paul.
- CUSSONS, S. 1979. *Die sagte sprong*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- DE VRIES, A. 1974. *Dictionary of Symbols and Imagery*. Amsterdam: North-Holland Publishing Company.
- DU PLESSIS, P.G. 1968. *Die verwysing in die literatuur*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- EYBERS, E. 1978. *Voetpad van verkenning*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- GROVÉ, A.P. 1958. *Oordeel en vooroordeel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- GROVÉ, H. 1975. *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.
- HAESAERTS, P. 1969. *Sint-Martens-Latem. Gezegend oord van de Vlaamse kunst*. Vyfde uitgawe. Brussel: Uitgeverij 'Arcade'.
- HAWKES, T. 1977. *Structuralism & Semiotics*. Berkeley: University of California Press.
- JEFFERSON, A. en ROBEY, D. 1982. *Modern Literary Theory*. A Comparative Introduction. London: Batsford Academic and Educational Ltd.
- LOUW, N.P. v. W. 1937. *Die halwe kring*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- LOUW, N.P. v. W. 1939. *Lojale Verset*. Tweede druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- LOUW, N.P. v. W. 1942. *Gestaltes en diere*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- LOUW, N.P. v. W. 1962. *Tristia. Voorspele en vlugte*. 1950—1957. Kaapstad: Human & Rousseau.
- MEYER, B.J. 1976. *Die Fisiologiese basis van Geneeskunde*. Kaapstad: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.
- OESTERLEY, W.O.E. 1939. *The Psalms*. New York: The Macmillan Company.
- OPPERMAN, D.J. 1953. *Digters van dertig*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- OPPERMAN, D.J. 1979. *Komas uit 'n bamboesstok*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- RIFFATERRE, M. 1978. *Semiotics of Poetry*. Bloomington: Indiana University Press.
- SCHOLES, R. 1974. *Structuralism in Literature*. Second edition. New Haven: Yale University Press.
- SEARS, W.G. 1962. *Anatomie en Fisiologie vir verpleegsters*. Tweede Afrikaanse uitgawe (vertaal deur T. Muller). Kaapstad: Juta en Kie.
- SEGERS, R. 1980. *Het lezen van literatuur*. Een inleiding tot een nuwe literatuurbenadering. Baarn: Uitgeverij Ambo.
- SPIES, L. 1981. *Weefsel en Web*. Ongepubliseerde D.Litt. proefskrif, Universiteit van Pretoria. Oktober 1981.
- STALLMAN, R.W. (ed.) 1949. *Critiques and Essays in Criticism*. 1920—1948. New York: The Ronald Press Company.
- STEYN, J.C. 1975. *Die grammatika van liefhê*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- STEYN, J.C. 1978. *Dagboek van 'n verraaier*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- STEYN, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal. Die bestaan en behoud van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- STOCKENSTRÖM, W. 1976. *Van vergeetelheid en van glans*. Kaapstad: Human en Rousseau.

- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1970. *Lees- en Skryftekens*. Afrikaanse Taalmonografieë no. 3. Kaapstad: Nasou.
- VAN RENSBURG, F.I.J. 1975(a). *Sublieme ambag*. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw, I. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- VAN RENSBURG, F.I.J. 1975(b). *Swewende ewewig*. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw, II. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- VAN RENSBURG, F.I.J. (red.) 1982. *Oopgelate kring*. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings I—II. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- WATKINS, E. 1978. *The Critical Act*. New Haven: Yale University Press.
- WILLIAMS, R. 1977. *Marxism and Literature*. London: Oxford University Press.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

- 1 "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr P C Coetzee
- 2 "Die Aard van Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
- 3 "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv E H Louw
- 4 "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H v d Merwe
- 5 "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
- 6 "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
- 7 "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging" — Julie 1958
- 8 "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reynders
- 9 "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
- 10 "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof J J Matthee
- 11 "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
- 12 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex", Part 1 — Dr C J Liebenberg
- 13 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex, Part II. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
- 14 "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
- 15 "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
- 16 "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
- 17 "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
- 18 "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
- 19 "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
- 20 "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
- 21 "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
- 22 "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
- 23 "Freedom — What for" — Prof D G Steyn
- 24 "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
- 25 "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
- 26 "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
- 27 "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
- 28 "Die Inligtingsprobeem" — Prof C M Kruger
- 29 "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn

- 30 "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof F van der Stoep
- 31 "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
- 32 "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
- 33 "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof J J N Cloete
- 34 "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
- 35 "Analitiese Chemie" — Prof C J Liebenberg
- 36 "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
- 37 "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
- 38 "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
- 39 "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof S P J J van Rensburg
- 40 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964
- 41 "Universiteit en Musiek" — Prof J P Malan
- 42 "Die studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof P S Groenewald
- 43 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965
- 44 "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof G Cronjé
- 45 "Die Verboorde Grond in Suid-Afrika" — Prof D G Haylett
- 46 "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof Charlotte Searle
- 47 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966
- 48 "Op soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof W A Landman
- 49 "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof D F Mostert
- 50 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967
- 51 "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment of disease" — Prof Douw G Steyn
- 52 "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof D G Steyn
- 53 "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof H P van der Schijff
- 54 "Aspects of Personnel Management" — Prof F W Marx
- 55 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968
- 56 "Sport in Perspektief" — Prof J L Botha
- 57 "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof J A Heyns
- 58 "Onkruide en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof P C Nel
- 59 "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M C H Sonnekus
- 60 "Kristalhelder Water" — Prof F A van Duuren
- 61 "Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times" — Dr Gertrud Theiler
- 62 "Dr Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof P R Skawran
- 63 "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof F J du Toit Spies
- 64 "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M Prax Med) van


- die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 65 Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969
- 66 "Kunskritiek" — Prof F G E Nilant
- 67 "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof D P Knobel
- 68 "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof F J Potgieter
- 69 "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof P S Dreyer
- 70 "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr G W v d Merwe
- 71 "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof W L Jenkins
- 72 "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof J O Grunow
- 73 "Some Problems of Space and Time" — Mnr K A Schrecker
- 74 "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof J P Oberholzer
- 75 Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
- 76 "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as ne: 'n Akademiese Onderwerp" — Prof D J Swiegers
- 77 "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof J J de Klerk
- 78 "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof C J van Dyk
- 79 "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof J M T Labuschagne
- 80 Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan—9 Feb 1973
- 81 "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof R D Coertze
- 82 "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof F W Marx
- 83 "Bakensyfers vir Diereproduksies" — Prof D R Osterhoff
- 84 "Die Ontwikkeling van die Geregte Geneeskunde" — Prof J Studer
- 85 "Die liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
- 86 Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4-7 Feb 1974
- 87 "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 88 "Opleiding in bedryfsekonomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
- 89 "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
- 90 "The Clinical Psychologist: Training in South Africa". A report on a three-day invitation conference: 11 - 13 April 1973
- 91 "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
- 92 "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Watt
- 93 "Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
- 94 Dosentekursus 1975 -- Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975

- 95 "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof G van N Viljoen
- 96 "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
- 97 "Die Soogdiernavorsinginstituut 1966 - 1975"
- 98 "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
- 99 "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistorius
- 100 "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr Anton Rupert
- 101 "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J D Duvenhage
- 102 "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hamersma
- 103 Dosentesimposia 1975
- 104 "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
- 105 "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel
- 106 "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
- 107 "Huishoudkunde -- Waarheen?" — Prof E Boshoff
- 108 Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976
- 109 Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
- 110 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
- 111 "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebepaling" — Prof S T Zietsman
- 112 "Rede gelewer by die Ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulosenavorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
- 113 "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met spesiale verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
- 114 "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F Q P Leiding
- 115 "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
- 116 "Carnot, Adieu!" — Prof J P Botha
- 117 "'n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens
- 118 "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers
- 119 "Opleiding in Elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon
- 120 "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk
- 121 "Die Algemene Sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff
- 122 Dosentekursus: 1977
- 123 "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk
- 124 "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof L C Holtzhausen

- 125 "Die plek en toekomstak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A D P van den Berg
- 126 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigend op 15 November 1976
- 127 "Landbouvoorligting by die kruispad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteitsdepartement" — Prof G H Düvel
- 128 "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenaargebied" — Prof R J van den Heever
- 129 "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" — Prof C J Mieny
- 130 "Sport and Somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P J Smit
- 131 Dosentekursus 1978
- 132 "'n Beter Toekoms" — Dr Anton Rupert
- 133 Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol
- 134 "Geologie in 'n toekoms van Beperkte Hulpbronne" — Prof G von Gruenewaldt
- 135 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigend op 15 November 1977
- 136 "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Proff P A van Niekerk en M C H Sonnekus
- 137 "Sensore en Tensore" — Prof N Maree
- 138 "Die Godsdienwetenskappe en die Teologie" — Prof P J van der Merwe
- 139 "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928-1978)" — Prof J F W Grosskopf
- 140 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978
- 141 "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof F J Potgieter
- 142 "Klein sake is 'Grootsake'" — Dr Anton Rupert
- 143 "Die Pad Vorentoe" — Prof W E G Louw
- 144 Referate gelewer tydens die jubileumjaarviering — Prof P S Dreyer
- 145 "Die gebruikmaking van Kies-en-keur en invulvraestelle" — lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
- 146 "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" — E Rose, W G Daynes en P J Kloppers
- 147 "Die Ortopedagogiek as Praktjkerigte Pedagogiekprespektief" — Prof P A van Niekerk
- 148 "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energiekort in die wêreld" — Dr A J A Roux
- 149 "Exchange lists for selected Protein Diets" — Mev J M Crous
- 150 "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930—1980)" — J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffue

- 151 "Professors' Dilemma. Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" — Prof P J H Titlestad
- 152 Ortopedie, Die Ortopedis en die mens" — Prof R P Gräbe
- 153 "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" — Prof E K H Friedland
- 154 "Interne Geneeskunde: Wetenskap en Kuns" — Prof G P Human
- 155 "Die opleiding van Chemiese Ingenieurs in Suid-Afrika" — Prof U Grimsehl
- 156 "Doelwitte vir Musiekopleiding" — Prof S Paxinos
- 157 "Die stand van die Beeldende Kuns in Suid-Afrika" — Prof N O Roos
- 158 "Op die spoor van die Onsigbare Lig" — Prof S F Prinsloo
- 159 Beroepsoriënteringspedagogiek gereël deur die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria as deel van die Halfeeufeesviering 12 tot 14 Augustus 1980 — Onder redaksie van Prof C J Joubert
- 160 "Die selfbeeld van die Sosiologie en Sosioloë" — Prof J S Oosthuizen
- 161 "Onderwysopleiding — 'n Didakties — Pedagogiese en Vakdidaktiese beskouing" — Prof W J Louw
- 162 "Die teenwoordigheid van Christus in die Erediens" — Prof A C Barnard
- 163 "Die Stand en taak van Geesteswetenskaplike Navorsing in die RSA" — Prof J G Garbers
- 164 "Die betekenis van die Regsfilosofie vir Regsnavorsing en Regspleging" — Prof J V van der Westhuizen
- 165 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1978-1979 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15 November 1979
- 166 "Die verskynsel van Spesialisering by insekte en entomoloë" — Prof E Holm
- 167 "Fiftieth Anniversary Lectures": University of Pretoria — August — September 1980 — George D Yonge
- 168 "Kindergeneeskunde in die jaar 2000" — Prof R E Cronje
- 169 "Praktiese Regsopleiding in die Akademie" — Prof C F Eckard
- 170 "Proceedings of the Symposium on Controversies in Surgery" — Edited by Prof C J Mieny
- 171 "The Psychic Life of the Child with Specific Learning disabilities" — Prof M C H Sonnekus
- 172 "B F Nel Herdenkingsrede — Universiteit van Pretoria" 12 Augustus 1981 — Prof E A van Trotzenburg
- 173 "Statistiek en die statistikus in diens van die gemeenskap" — Prof H S Schoeman
- 174 "Menslike Anatomie — basiese geneeskundige vak" — Prof I J M van Niekerk
- 175 "Môre se uitdaging vir die Suid-Afrikaanse Mynboubedryf" — Prof A N Brown.
- 176 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1979/80 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15/11/1980
- 177 "Leiding aan Magister en Doktorale studente" — Prof W A Landman
- 178 "Steekproefneming in die Praktyk" — Prof D G Stoker
- 179 "Bestuur — Wetenskap of Kultuur?" — Dr A Rupert

- 180 "Uitdagings wat nuwere tendense aan die Universiteitsbiblioteekwese
stel" — Die departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die Biblioteek-
diens van die Universiteit van Pretoria
- 181 "Liggaamsbeweging en die Mens in Wording" — "Physical movement
and the Becoming of Man" — Onder redaksie van/edited by Prof J L
Botha en/and Prof P J Smit
- 182 "Kriminologie 2000" — Prof D G Steyn
- 183 "A Horse! A Horse! My Kingdom for a Horse!" — Prof M M S Smuts
- 184 "Die bydrae van Mondpatologie tot die Geneeskunde" — Prof A J
Ligthelm
- 185 "Lectures on Philosophical Hermeneutics" — Prof Dr Hans-Georg
Gadamer
- 186 "Inhuldigingsrede van Vise-Kanselier en Rektor" — Prof D M Joubert
- 187 "Uitdagings vir 'n Ginekologie en Obstetrie Departement in die ruimte-
eeu" — Prof J V van der Merwe
- 188 "Die uitdaging van Elektriese Ingenieurswese in Suid-Afrika" — Prof N
Wessels
- 189 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1980/81 en
wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande ein-
digende op 15 November 1981
- 190 "Die belangrikheid van Periodonsie en Mondgeneeskunde in Tandheel-
kunde" — Prof J A Pretorius
- 191 "Strategieë vir die implementering van navorsingsbevindinge in die
Geesteswetenskappe" — Dr J G Garbers
- 192 "Gesprekke oor die Wiskunde" — Onder redaksie van Prof P J Zietsman
- 193 "Gemeenskapsgesondheid — 'n Nuwe Naam en 'n Nuwe Benadering" —
Prof A M Coetzee



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR 194 — 1983
ISBN 0 86979 380 2
Prys: R8,75

Hierdie publikasie en die publikasies wat in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar van:

VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083

0 86979 380 2